# *Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie*

Dankie, Broer Moore.

2 Goeiemôre, mense. Ek was baie bly om weer hier te wees vanmôre, en ek sou dit vir niks misgeloop het nie, die profesie van ons suster te hoor, die voorreg te hê om Broer Kidson gisteraand weer te ontmoet, 'n ou medewerker, een van my eerste medewerkers in die Pinkstersfere. Hy was die een wat my hier na Shreveport toe gebring het die eerste keer, dink ek was dit, Broer Kidson, jare gelede toe ek die dienste by die—die ou tabernakel gehad het. Ek glo dis toe Broer Moore se moeder genees is gedurende daardie tyd, en, van maagprobleme, en baie dinge wat die Here gedoen het.

3 Julle sien, dieselfde Boodskap gaan steeds voort. Ons peuter nie met daardie voorskrif nie, ons los dit net soos dit is, en neem dit soos dit vir ons doseer word.

4 Ek waardeer hierdie Ierse broer, baie, ons het goeie Iere, wat die *Daar Is 'n Balsem In Gilead* gesing het, net perfek saamgesmelt met gisteraand. Hierdie mooi, koortjie, David, en Broer en Suster Moore, Anna Jeanne, en almal van hulle, o, goeiste, dis so 'n wonderlike ding om weer hier in gemeenskap met julle mense te wees.

5 Gestaan in die kamer 'n paar oomblikke gelede, daar het 'n lang afstand ingekom van 'n man wat 'n prediker iewers was, dat dokters hom opgegee het en nie geweet het wat die probleem met hom was nie. Hy het by die telefoon uitgekom en hy het geskakel, en op *een of ander manier*, deur die kantoor by die huis, het hulle hom gekry, geweet ons sou by die tabernakel wees op hierdie tyd, en net terwyl ons daarbinne was, ek, Broer Kidson, en Broer Moore, en 'n paar ander broers, ek het nie geweet wie dit was wat daar gestaan het nie, maar hy wou weet wat sy uitkoms was, voor die Here, of hy sou sterf.

6 En die Heilige Gees in die gebou daar, net in die kantoor 'n paar oomblikke gelede terug geopenbaar aan die man oor hom, en alles van hom, en wat hy was, hoe hy aangetrek was toe hy daar gestaan het, en wat die probleem was met hom, en hom as genees verklaar. Hy het amper die telefoon van die mikkie afgeruk, hoe die Here hom genees het.

7 O, is ons nie bly dat ons steeds die Here God het, Wat nog steeds die einde van die begin af ken nie? En dis goed dat daar 'n balsem in Gilead is, en daar's baie daarvan, daar's dokters daar, en wat die Here nog vir ons voorsien het. So waarom sou ons

na enigiets anders toe gaan, wanneer God so ryklik elke vreugde voorsien het wat ons nodig het? En elke seëning wat ons nodig het, is in die huishouding van geloof by die kinders van God.

8 Waarom sou ons verwys, of, ons hiervan weerhou, en gaan rook vir vreugde, drink vir vreugde, daardie dinge bring net die dood. Daardie. . .Ons vreugde is die Here. So ek is so bly om dit te geniet.

9 Nou, hoe laat verdaag julle julle dienste? Elf-dertig? [Broer Moore antwoord: "Een-dertig."—Red.] O, daardie. . .Ek. . .Julle sou my nie so lank kon uithou nie. So ek sal—ek sal. . .So bly om hierdie groep hierbuite te sien. En ek sal nie lank wees nie.

10 Nou, vanaand om sesuur sal die kêrels gebedskaartjies gee, en gaan ons die gewone gebedsry hê. Ek sal vanaand praat, as die Here wil, oor iets oor Goddelike genesing, of so-iets, want ons gaan hierdie diens toewy vanaand aan Goddelike genesing.

11 Ek en Billy het vanmôe in die restaurant gesit en eet, en ons het opgelet, en hy het gesê: "Pappa, kan jy sê wie is Christene wanneer jy hulle net ontmoet, enige plek?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

Hy het gesê: "Sien jy daardie man en sy vrou wat daar inkom?" Gesê: "Hulle is Christene."

Ek het gesê: "Ja."

En net binne 'n paar minute het iemand anders ingekom, hy het gesê: "Uh-uh."

Ek het gesê: "Dis reg." So, binne 'n paar minute het iemand anders ingekom, ek het gesê: "Wat van daardie?"

En hy het gesê: "Dis reg."

12 Jy kan altyd sê wie 'n Christen is, baie is natuurlik vroue sonder manikuur, of wat ook al daardie goed is wat hulle op het, wat dit nie op het nie, maar ek bedoel jy kan dit op 'n ander manier weet, sien, hulle is—hulle is net gemerk. En 'n Christen het 'n atmosfeer, want alhoewel, hy is 'n seun en dogter van God, hy is 'n skepper.

13 Wie ook al daardie kêreltjie hier was wat Sondagskool gegee het vanmôre, ek waardeer beslis daardie boodskap. Hy was reg, ek het daarvan gehou. Jy die broer? Net *hier*. Wel, dis gaaf. Jy was, vroeër, moes 'n Baptis gewees het, want ek kon sien hoe jy gepraat het, dat jy. . .Ons. . .Dit plaas soort van 'n merkie daarop, maar ons sal dit oorleef, jy sien. So. . .Ons Baptiste broers ons net soort van. . .een vir die ander, maar ek kon. . .

14 Toe hy gesê het, die uitdrukking wat hy gemaak het, ek het dit neergeskryf op 'n stukkie papier, ek sal dit optel daar in die kantoor: "Twee almagtiges het ontmoet." Dis waar. Wanneer God en 'n gelowige ontmoet, is daar twee almagtiges, want 'n mens is 'n deel van God, hy's 'n seun van God, sien, en die klein deeltjie

wat hy is, sluit aan by die hele Liggaam. En Jesus het oorkant in Markus 11:22 gesê: “As jy vir hierdie berg sê: ‘Word opgehef,’ en nie in jou hart twyfel nie, maar glo wat jy gesê het, kan jy . . . sal dit gebeur.” Sien? “Glo dit wat jy gesê het.” En ’n Christen is *so* gemerk dat ’n atmosfeer hom omring.

15 Het julle al ooit mense ontmoet by wie julle net graag wou wees? Julle het dit gehad, en wel, hulle skep daardie atmosfeer deur hulle—hulle lewe, die manier waarop hulle lewe, en die dinge waaraan hulle dink, en die liefde wat hulle vir jou het.

16 Julle het my boodskap gehoor oor die—die buidelrot, julle weet, en oor die bye wat my probeer steek, die bul wat my probeer doodmaak het, diere, sien. Dit—dit sal doen . . . Jy skep ’n atmosfeer, en dis die atmosfeer waarin jy moet wees om vir die siekes te bid, sien, dis dieselfde ding. Dis liefde wat bose geeste uitdryf.

17 Ek sal nie die naam noem nie, net een van die bekeerlinge wat ek na die Here toe gelei het, dit was ’n ongelowige, en hy het met die Alcan hoofweg afgekom op ’n vragmotorroete, en—en hy het my naam daarbo gesien, en hy het gesê: “Dis fanatisme.” So, hy het net gestop; en dit was bo in Kanada, ver bo naby Dawson Creek. Daardie aand, was dit so koud, julle Louisiana mense sou daarbo gesterf het, want ek was op die punt om dood te vries, en ek het nou al die lugversorgers oral aan, om te probeer koel bly—bly, hierdie warm weer hier. En . . . Meneer? [’n Broer sê iets vir Broer Branham—Red.] Jy hou daarvan, goed.

18 So toe het ons ingegaan . . . hy het daar ingegaan, en daardie aand, Indiane, en alles, so hy het die onderskeiding van die Here gesien, sonder om die Skrif te ken gaan hy weer uit en kry ’n ou Indiaan bo op die . . . ’n ou strikjagter, het hom ingebring. En ons kon nie gebedskaartjies uitgee nie, so hy moes hom net op die platvorm opstoot soos hy kon, en uiteindelik het hy hierdie ou Indiaan daarbo gekry. En hy sou . . . Hy het hierdie ou Indiaan geken, hy het gesê: “Daardie man het mense wat hom volg,” hy—hy het so gesê.

19 So, hy het hierdie ou Indiaan op die platvorm gesit. Net sou gou as wat hy daar opgekom het, het die Heilige Gees vir hom gesê wie hy was, gesê: “En jy woon in ’n sekere plek, en jy’s ’n strikjagter. Jy het vyf kinders, drie van hulle seuns en twee dogters.” Gesê: “Een van hulle wat daaragter sit, studeer om ’n prediker te wees.” Gesê: “Jy ly aan TB.”

“Reg.”

20 En gesê: “Die man wat jou gebring het, is hierdie kêreltjie wat hier sit met ’n *Sekere-sekere* naam.” Gesê: “Hy’s agterdogtig.” Dit het dit afgehandel, hy het ’n dienaar van die Here geword.

21 Nie lank gelede nie het ons saam oor die land gegaan, en hy het vir my gesê, hy het gesê: “Broer Branham, jy weet my vrou

glo nie hierin nie," en gesê: "elke aand wanneer ek kerk toe gaan, en huis toe kom," gesê: "o, begin sy my net uitskel wanneer ek by die deur inkom," en gesê: "Ek vat haar aan die hand, sy's klein, en hou haar vas, en ek probeer daardie duiwel uitdryf so hard as wat ek kan." Gesê. . .Herinner my aan jou boodskap vanmôre, meneer. Gesê: "Ek probeer daardie duiwel uitdryf, en ek het gesê: 'Duiwel, kom uit my vrou uit! Duiwel, kom uit my vrou uit! Skat, jy's besete van 'n duiwel. Kom daar uit, duiwel!'"

"O," het ek gesê: "dis goed, Broer Fandler, maar jy—jy doen dit op die verkeerde manier."

En hy het gesê: "Wel, hoe doen jy dit?"

22 Ek het gesê: "Wanneer jy by die huis kom, koop vir haar 'n boks lekkers, gee dit vir haar wanneer jy by die deur inkom, sit jou arms om haar." Ek het gesê: "Dis hoe jy 'n duiwel uitdryf."

23 Liefde dryf vrees uit, nie waar nie? Liefde, vriende, die hele wêreld sterf vir liefde. Dis een van die groot dinge wat ons uit ons Pinksterseëning weglaat, te veel daarvan, is liefde wat dit bind, die sement wat gawes en al die dinge van God perfek laat werk, is: "Liefde onder mekaar, hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is."

Laat ons, voor ons Sy Woord nou nader, ons hoofde net 'n oomblik buig.

24 Almagtige en Oppermagtige God, ons dank U vanmôre bo alle dinge vir Jesus, U Seun, en vir Sy liefde vir ons, wat, toe ons nog sondaars was, Hy in ons plek gesterf het, om ons terug te versoen na die gemeenskap, terug na seunskap deur Sy Bloed.

25 En ons bid vanmôre, dat die uitgaan van die Woord elke hart sal vasvang, my hart, ook, Here. Berei ons voor vir die koms van die Here soos hierdie dametjie pas geprofeteer het dat Hy al Sy Troon verlaat het, op Sy pad. Ons glo dit regtig Here.

26 Rebekka wat die kameel water gee wat haar sou neem om haar geliefde te ontmoet, tog het sy hom nog nooit gesien nie, maar dit was liefde met die eerste oogopslag. Ons dank U, Here. Ons glo dat ons, wanneer ons Hom sien, dit liefde sal wees, wanneer ons weet dat Hy die Een is Wat gesterf en ons verlos het.

27 Dan in daardie groot veld iewers tussen hier en die Heerlikheid, wanneer ons Hom Koning van die koning en Here van die here sal kroon, en Engele staan met geboë hoofde sonder om te weet wat ons doen, hulle was nooit verlore soos ons nie, en wanneer ons die liedere sing dat Hy ons verlos het, wat 'n wonderlike tyd sal dit wees! Ons sien uit na daardie tyd, mag ons harte voorbereid wees.

28 Heilig die Woord wat gelees sal word, en mag Dit Gees en Lewe vir ons word, dat ons ons lewens kan regstel, en lewe vir Hom Wat vir ons gesterf het. Dit vra ons, in Jesus' Naam. Amen.

29 Blaai saam met my net vir ’n paar oomblikke. Ek wil ’n Skrifgedeelte hier lees om te sien of ek ’n konteks Daaruit kan neem vir die volgende vyftien tot twintig minute. En, wel, kom ons blaai na Matthéüs die 19de hoofstuk, soos ons lees:

> *En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, het hy van Galiléa af weggegaan, en in die streke van Judéa oorkant die Jordaan gekom;*
>
> *En groot menigtes het hom gevolg; en hy het hulle daar genees.*
>
> En *die Fariseërs het ook na hom gekom en hom versoek en vir hom gesê, Is dit geoorloof vir ’n man om sy vrou te skei vir elke saak?*
>
> *En hy. . .sê vir hulle, Het* julle *nie gelees dat hy wat hulle gemaak het in die begin, hulle man en vrou gemaak het,*
>
> *En gesê, Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat, en sy vrou aankleef, en hulle twee een vlees sal wees?*
>
> *Daarom is hulle nie meer—is hulle nie meer twee nie, maar een. . . Wat God dan saamgevoeg* het, *mag* geen *mens skei nie.*
>
> *Hulle sê vir hom, Waarom het Moses dan bevel gegee om ’n skeibrief te gee, en van haar te skei?*
>
> *En hy* het *vir hulle* gesê, *Moses het julle vanweë die hardheid van julle harte toegelaat om van julle vroue te skei: maar van die begin af was dit nie so nie.*

30 Nou, ek wil ’n onderwerpie vanmôre neem, of—of, teksie, as ons dit so sou noem, die teks: *Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie*.

31 Nou, Jesus, toe Hy hier na die aarde toe gekom het om Sy aardse besoek te bring, met die doel om dit te verlos wat God voorbestem het, het Hy leraars gevind in daardie dae wat dinge geleer het wat nie die waarheid was nie.

32 Ek wonder of Hy nie sommige van dieselfde dinge sou vind wat vandag aangaan as Hy kom, dinge wat nie die waarheid was nie. En Hy het vir hulle gesê. . .En die rede waarom ek hierdie sekere teks gekies het, *Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie*, is omdat ons sal moet teruggaan na die begin om uit te vind wat die regte waarheid daarvan is. Alles wat ons vandag op aarde het, daar’s niks nuuts nie, dit het in Génesis begin. Génesis is die saadhoofstuk.

33 Daarom, wanneer God eenmaal enigiets doen of ’n besluit neem, soos ek al dikwels aangehaal het, dat Hy altyd by Sy besluit moet bly. Hoe dit ons geloof behoort aan te moedig! Sien? Wanneer God iets sê, sal die hele Hemele en aarde verbygaan,

maar dit kan nie verbygaan nie. Daarom behoort dit ons karakter te gee, behoort dit ons geloof te gee om daardie Woord te neem wat Hy gesê het, en met ons hele lewe Daaraan vas te hou, want Hy kan Dit nie verander nie, Dis *waar*.

34 Nou, God, in die begin het Hy alles gemaak, Hy het dit eers in die vorm van saad gemaak, dit was 'n saad. En Hy het gesê in Génesis 1: "Laat elke saad voortbring volgens sy soort." En ek wonder net, omdat mense altyd probeer verdraai wat God gedoen het, want die mens dink, in sy gevalle toestand, dat hy iets beter kan doen as wat sy Skepper dit aan die begin gedoen het, hy probeer altyd iets omdraai wat God gedoen het en dit iets maak wat dit nie is nie.

35 Ek het net onlangs daaroor gepraat oor 'n preek oor *Bastergodsdiens*. En wetenskap, deur te werk in die veld van wetenskap, diegene wat aanspraak maak op evolusie het hulle eie wetenskaplike teregwysings geneem, en, of, hulle eie teorie van evolusie bewys en weerlê, want enigiets wat verbaster is, kan homself nie weer terugteel nie. Daarom, as Hy 'n sekere saad gemaak het, moet dit so bly, as jy dit kruis met iets anders, kan dit homself nie terugteel nie, dit beëindig dit sodra jy—soos jy dit teel.

36 'n Muil, 'n muil kan nooit nog 'n muil voortbring nie. Moet niemand God ooit verantwoordelik hou om 'n muil te maak nie, Hy het dit nooit gedoen nie, dis wat die mens gedoen het. Dis—dis 'n . . . Herinner my, baie slim vandag, aan die natuur, wanneer jy enigiets verbaster, bederf jy sy geaardheid.

37 Wanneer jy 'n perd neem wat 'n goeie, opreggeteelde perd is, het daardie perd karakter, dis saggeaard, dit sal sy kop regop hou, en jy kan hom roep, hy sal sy kop op jou skouer sit en runnik, en—en jy kan hom laat, hom in die vertoning sit, en hy sal, amper soos 'n mens. Hy kan . . . Hy het goeie karakter, en iets aan hom wat eg is. Jy het nog nooit 'n muil dit sien doen nie, hy's net—hy's net 'n werkdier. Hy's—hy's net werke en geen genade nie.

38 Dit herinner my aan baie mense vandag. Julle . . . Hulle doen almal werke, en dis omtrent dit. Soos Broer Jack vanmôre gesê het oor die kerke, dat dit die struktuur het, maar nie die . . . Dis soos die, jy het 'n goeie lokomotief, maar geen stoom daarin nie, jy het 'n dinamo, maar dit loop nie, hoofsaak is die stoom in die lokomotief. Dis wat die kerk nodig het, dit het die struktuur.

39 Jy neem 'n muil, hy—hy's—hy's die domste ding in die wêreld, want hy's verbaster. En jy kan 'n muil roep, en hy sal net daar staan en daardie groot ore opsteek en na jou kyk.

40 Julle weet, ek—ek hoop nie hierdie klink ontheiligend nie, maar dit herinner my aan te veel mense vandag wat muilgodsdiens het, 'n bastergodsdiens. "Ons kerk, ons weet alles daarvan." En jy kan hulle vertel van die doop van die Heilige Gees, en hulle die formules van God gee, en hulle staan net met

hulle ore regop, maak nooit 'n beweging nie. 'n Goeie baster bring voort . . . Dit . . .

41 "My skape hoor My Stem," hulle weet wat waar is, want hulle hou van Skaapkos.

42 'n Bastersaad soos mielies, julle sien, dit lyk pragtig, want dis 'n baster. Ek het nou die dag 'n advertensiebord gesien: "Bastermielies." Wel, dit beteken niks. Weet julle wat dit doen? Basterbeeste maak 'n beter koei. Basterhoenders, hulle het hoenders nou so verbaster, dat die hoender geen bene of vlerke het nie, dis net bors, maar die arme ding kan net 'n jaar lewe en dit sterf, dis omtrent dood wanneer dit gebore word.

43 So, mense moet dit eet, en nou is dit op daardie selle verbaster, wetenskap, *Reader's Digest* het 'n artikel daaroor geskryf, onlangs, dat oor twintig jaar van nou af, as dit voortgaan, die menslike ras sal verdwyn. Vroue en mans word verdraai. Vroue kry breër skouers en smal heupe, mans kry smal skouers en breër heupe, die vrou nie in staat sal wees om haar kind te kry nie, deur 'n sel te eet wat verdraaid is.

44 Hoenders, en hierdie hoenders wat julle eet is so—is so pap en sag, hulle tekstuur, totdat mense hulle nie meer wil hê nie. Wel, julle, hulle maak hulleself dood met hulle eie idees, om te probeer verdraai. Ons is gemaak om hierdie selle van—van dinge te eet net soos God hulle gemaak het.

45 En daar is ook 'n basterkerk, dis mooier vandag as wat dit altyd was, het beter lidmate, die Pinksterkerk, hulle het mooier geboue, mooier banke, beter geleerde predikers, ensovoorts, maar hulle het dit verbaster.

46 Laat ons teruggaan na die ware, eerste Lig, die ou Pinksterseëning, en die krag van die Heilige Gees terug in die kerk. Hulle sit dit alles op die prediker vandag. Dit is nie die prediker nie, die Heilige Gees is net soveel vir die lekedom as wat dit vir die prediker is. Hy het nie al die godsdiens nie, hulle het dit *daar* buite. En ek—ek's een vandag wat glo dat ons die Gees van God moet terugkry in die kerk, waar ons die gawes van die Gees kan laat werk met salwing en krag.

47 Maar vandag vind ons manne waar, in die begin (In die *Kerktydperke* waaroor ek volgende week leer by my tabernakel by die huis, om 'n kommentaartjie te skryf as my eie kommentaar daarop.), julle let op, dit het as 'n werke van die Nikolaïete begin, naderhand het dit 'n doktrine geword. Wel, wat dit is, hulle het al die Gees weggeneem van die gemeente, biskoppe gemaak, opsieners, pouse, het dit alles in die preekstoel gesit, en die preekstoel het intellektueel geword, daar het jy weer 'n basterkerk, sien, onder intellektuele.

48 God stuur ons terug na die Heilige Gees onder die mense. laat die salwing van die Gees onder die mense beweeg, boodskappe

voortbring, en krag, en manifestasies, as ons op die straathoek moet staan, of in ’n hoenderhok ingaan, of ’n skuur iewers.

49 Ons wil nie enige van hierdie bastergodsdiens hê wat uit ’n kweekskool kom nie, ons wil hê dit, moet kom soos ’n magtige rukwind van Bo wat die hele huis vul, nie net een man nie, die hele huis waar hulle saam sit. Verdraaidheid, dis wat die mens gedoen het in die dae van ons Here Jesus, dis wat hy vandag probeer doen, die dinge neem wat oorspronklik is, en hulle verdraai met sy eie idees, en hy ruïneer homself.

50 Ek wil graag die evolusionis dit vra: As jy nie bastermielies kan terugteel nie, hoe kan hulle ooit evolusie leer? God het gesê: “Laat elke saad voortbring van sy soort,” elke saad van sy soort. En as jy daardie saad kruis, is dit verby, dit kan nie verder gaan nie, dit gaan weer reguit terug na sy oorspronklike.

51 Ek’s so bly dat ek glo dat God ’n Heilige Gees Saad geplant het op die Dag van Pinkster, hulle het Dit verbaster in denominasies, maar naderhand gaan Dit weer terug na Sy oorspronklike, terug na die ware Heilige Gees, terug na die Evangelie Boodskap, weer terug na Handelinge 2, terug na die formule, terug na waar Dit begin het. Daar sal ’n man opstaan een van hierdie dae wat teen hierdie dinge sal wees, en dit bestraf so hard as wat hy kan.

52 Let nou op, na die oorspronklike, gaan terug na die begin, Jesus het vir hulle gesê: “Gaan terug na die begin om uit te vind. Aan die begin was dit nie so nie.”

Wel, mense sê: “Ek’s Presbiteriaans. Ek’s Metodis. Ek’s Baptis. Ek’s *hierdie*. Ek’s *daardie*.”

53 Dis alles reg, maar laat ons teruggaan na die begin, en kyk waar dit begin het, kyk wat dit aan die begin was. Dis, hoe God Sy Kerk opgestel het op die Dag van Pinkster, dis die manier, dit moet vir altyd so bly. As jy enigiets anders Daarmee kruis, denominasies, en al hierdie ander dinge, en besprinkeling, en al hierdie vorms en dinge, verbaster jy Dit. Jy kry ’n kerk wat beter lyk, maar dit het geen Lewe daarin nie, dit kan homself nie weer reproduseer nie.

54 Die herlewing wat voortgekom het in die dae van Luther, dit kan nie homself reproduseer nie, omdat hulle dit verbaster het; die dae van Wesley, hulle kan nie reproduseer nie. Sê vir my een van hulle wat ooit opgestaan het toe hulle geval het. Wanneer hulle die kerk verbaster, gaan dit weer reguit terug, dis gedaan, dit kan nie homself reproduseer nie, dit kan lidmate inbring, ’n organisasie maak, maar dit kan nie homself weer reproduseer nie. Wat ons wil hê, is *iets* wat kan reproduseer, om seuns en dogters na God te bring. Jy kan dit nie uit ’n kweekskool doen nie, dit moet van die Heilige Gees daarbo af kom, soos ’n geweldige rukwind, soos dit het aan die begin.

55 Bastergodsdienste wat dinge verdraai, dinge verander, mense wat verdraai. En toe Jesus in Sy dae gekom het, het Hy gesê: "Tevergeefs aanbid julle My, deur die gebooie van die mens as Doktrine te leer." Wat het hulle gedoen? Hulle het die gebooie van God geneem en dit verbaster met hulle eie idees, en dit teruggebring, en dit het gesê: "Jy sal nie, en jy sal *hierdie*," ensovoorts, maar hulle maak met hulle tradisies die gebooie van God kragteloos, omdat hulle dit verbaster het.

56 Mense wonder vandag hoe hierdie dinge plaasvind. Hoe kan 'n persoon staan, en uitkyk oor 'n gehoor, en 'n man of 'n vrou trek, en die sondes, en dinge, van die kerk openbaar? Wat is die probleem? Waarom doen die, al die kerke dit nie? Hulle is verbaster. Dis reg.

57 Daar's net een Kerk, en dit is nie 'n denominasie nie, jy kan nie God se Kerk denomineer nie. Daar's een Kerk en een Liggaam, daardie Liggaam is die mistieke Liggaam van Jesus Christus hier op aarde, "En deur een Gees word ons almal gedoop in daardie een Liggaam," of ons Metodiste, Baptiste, of Katoliek, of wat is.

58 Maak nie saak wat 'n man se denominasie is nie, as hy op sy kerk staatmaak vir verlossing, is hy verlore. As 'n Katoliek staatmaak op die Katolieke kerk wat hom red, is hy verlore; as 'n Baptis staatmaak op die Baptiste kerk wat hom red, is hy verlore; as 'n Pinkster staatmaak op die Pinksterkerk wat hom red, is hy verlore, maar as daardie individue op God en op Jesus Christus vertrou, "Deur geloof is julle gered, en dit nie uit werke nie, maar uit genade."

59 Jesus het leraars gevind in Sy dae, ook, wat goed verdraai, en Hy het vir hulle gesê dat in die—in die begin. . . Ons vind dieselfde ding vandag, hulle sê: "O, ja, die Bybel sê wel Jesus Christus is dieselfde gister en tot in ewigheid, *maar* ons glo nie Hy doen steeds wonderwerke nie. Ons glo dat Jesus gesê het: 'Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen,' *maar* ons—ons glo dat daardie dinge met die apostels opgehou het."

60 Sien wat julle doen? Julle verbaster dit, julle verdraai dit, sê iets wat God nie gesê het nie. Die Bybel sê: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Ek glo *dit* is die waarheid. Ek glo nie ons moet enigsins daaraan peuter nie, sê net dis daar, as jy nie geloof het om daarmee voort te gaan nie, moenie iemand anders stop wat wel geloof het om te gaan nie.

61 Ek het altyd gesê: "Ek wens dat ek geloof gehad het om te loop, soos Henog, Huis toe saam met God, sonder die dood, maar as ek nie daardie soort geloof het nie, wil ek beslis nie in iemand se pad staan wat wel daardie geloof het om te loop nie. Ek sal hom laat loop." Sekerlik, en ek sal bid dat God my genade en krag sal gee om op te loop. Sekerlik.

62 Jesus het die kerk gevind, toe Hy gekom het, die kerk vertrou vir verlossing. Dis dieselfde ding wat Hy—Hy vandag doen, toe Hy gekom het in die vorm van die Heilige Gees in hierdie laaste dae, vind Hy die mense wat die kerk vertrou vir verlossing. Wat het die mense gekry in die dae van Jesus toe hulle gekom het, die kerk vertrou het vir verlossing? Hulle het 'n klomp geloofsbelydenisse, mensgemaakte dogma gekry, wat die Woord van God terugverdraai na 'n geloofsbelydenis.

63 Dis dieselfde ding wat ons vandag het. Wanneer die Heilige Gees hier is, die Persoon van die Heilige Gees, wat soek na, die Bruid van Christus soek, wat kry ons? Wat vind Hy? Mense wat geloofsbelydenisse aanvaar vir verlossing, in plaas van om terug te gaan na die oorspronklike daarvan. Julle het 'n—'n gebedsboekie, of een of ander soort handboek van een of ander aard wat: "Ons *So-en-so* glo hierdie *so-en-so*."

64 Waarom neem julle 'n handboek daarvoor? God se Bybel is die Handboek, gaan terug na die begin. Julle aanvaar 'n handdruk, in plaas van die doop; jy aanvaar besprinkeling, in plaas van waterdoop; julle aanvaar vorms en geloofsbelydenisse, ensovoorts, in plaas van om die formule te neem soos God dit geskryf het, dis waarom ons 'n dooie, basterkerk vandag het, want dit kan nie meer voortbring nie. 'n Lutheraan kan 'n Lutheraan maak, 'n Baptis kan 'n Baptis maak, 'n Presbiteriaan kan 'n Presbiteriaan maak, maar God maak 'n gelowige wanneer Hy inkom, die oorspronklike Heilige Gees, Pinksterseëning.

65 Hulle het verwag die kerk sou hulle verlossing gee, toe vind hulle uit hulle het nie eers die einste Wortel van hulle verlossing geken toe Hy gekom het nie, want hulle was verbaster. Hulle het na Hom gekyk soos 'n klomp muile: "Huh, wie is jy? Buite-egtelik gebore." Soos 'n ou bulkende donkie iewers, julle weet, daarbuite: "Dae van wonderwerke is verby. Moses het *so-en-so* gedoen, maar wie is hierdie vent? Hy behoort nie aan enige van ons organisasies nie. O, dis telepatie, dis al. Hy is Beëlsebub, die duiwel."

66 Daardie selfde ding het weer gebeur. Hulle ken Christus nie in die krag van Sy opstanding nie; hulle ken Hom deur 'n geloofsbelydenis, maar nie in die krag van Sy opstanding nie. Christus lewe in die persoon, en as Hy vandag sou kom, en ons hoor mense die dinge sê wat hulle doen, Jesus sou eenvoudig sê: "Van die begin af was dit nie so nie."

"Wel," sou hy sê: "Here, ek is besprinkel in die heilige *So-en-so* kerk."

Hy sou sê: "Van die begin af was dit nie so nie."

"Wel, ek het hande geskud met die prediker, en 'n belydenis gemaak."

"Aan die begin was dit nie so nie."

67 Hulle het aan die begin gewag totdat die krag van Bo gekom het, 'n Geweldige Rukwind wat die hele verloop van hulle lewe verander, en hulle aan die brand gesteek het met Iets wat die wêreld ge-evangeliseer het.

68 Hoe kan ons dit doen deur lees, skryf, en rekenkunde? Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie." Nie: "Leer lees, skryf en rekenkunde doen nie." "Verkondig die Evangelie." Wat is die Evangelie? Die Evangelie is krag en demonstrasies van die Heilige Gees. Volg die volgende Woorde: "En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

69 Hoe gaan jy 'n man leer om in tale te praat? Hoe gaan jy 'n man leer om duiwels uit te dryf met krag? Hoe gaan jy 'n man leer om hierdie tekens te doen wat Jesus gesê het hy sou doen? Hoe gaan jy 'n man leer om in staat te wees om op die platvorm te staan, en, of iewers, en dinge te voorspel wat gaan kom, en dinge wat was, en sal wees? Hoe gaan jy hom leer? Jy kan nie, dis 'n gawe van God. Wanneer ons wegkom daarvan, kom ons in 'n bastertoestand. Ons is terug, ons gaan net terug na die begin, elke saad.

70 Ek wonder, ek wil graag hê die wetenskap moet hierdie een beantwoord: As daar so-iets soos evolusie is, en hulle sê dit kan op 'n ander manier kom, waarom sal iets nie hoër styg as 'n mens nie? Ons het geen spesie hoër as 'n mens nie. Omdat hy in die beeld van God is, niks kan bo sy Skepper gaan nie. Ek wil hê hulle moet daardie een antwoord. Hulle kan dit nie doen nie. Hoekom? Dis die hoogste spesie.

71 Waarom kan ons nie iets voortbring in ons etiek, en geleerdheid, en ons groot kweekskole wat sal klop wat hulle by Pinkster gehad het nie. Jy kan dit nie doen nie, want dis God se manier om dit te doen. Niks sal ooit voortkom wat—wat die hart van mense sal verbly, wat hierdie tekens sal voortbring nie. Jy sal nooit die mense daarin opvoed nie, jy sal nooit in staat wees om hulle daarin te leer nie, hulle moet daarin gebore word. So ons denominasies is verbaster.

72 Ons het die Heilige Gees nodig, die mistieke Liggaam van Christus wat op aarde gevorm word. Dis hoe dit was aan die begin, Dit teel Ditself terug en kom reguit terug na die begin. In al hierdie jare van denominasies, uiteindelik, het God Sy Kerk weer teruggeteel na die Heilige Gees. Ek is so bly om Daarin te wees. Laat die ou sade en vleeslikheid uitsterf, 'n nuwe skepsel word in Christus Jesus. Ons sit vandag saam in Hemelse plekke in Christus Jesus.

73 Die Heilige Gees wat uitteel, o, ek's so bly daaroor, wat twyfel uitteel, wat ismes uitteel, seuns van God vir Homself inteel. Nie muile terugteel, deur dit te kruis nie, maar seuns en dogters van God teel wat nie na die Woord kyk, en hulle ore uitsteek en sê: "Wel, my moeder was Presbiteriaan," nie.

74 Dis alles reg, maar ons het eers nodig om ons seuns en dogters van God te maak, die ongeloof uit te teel, en die geloofsbelydenisse, en dinge en wat ons terugbring na die oorspronklike seuns van God deur die Heilige Gees. Dis presies. Dis wat die Kerk besig is om vandag te doen.

75 Dan is mense vandag soos in die verlede, hulle verbaster die kerk met organisasie, met geloofsbelydenisse, en meng mense se gedagtes, en dan sê hulle: "Waar is God? Waar is die God van die Ou Testament? Waar is die Here Jesus wat hierdie dinge belowe het?"

76 Dis waarmee Billy Graham gekonfronteer is nie lank gelede nie, sien, deur 'n Mohammedaan, "Waar is hierdie God waarvan jy praat? Hy het gesê hy het die siekes genees. Ek sal dertig neem, en jy neem dertig, en kyk wat ons daaraan kan doen."

77 O, wat ons vandag nodig het, is dapper manne, gevul met die Heilige Gees, om hom daarop uit te daag. Dis reg. God is steeds die God wat saam by Elía op Berg Karmel was, Hy's steeds dieselfde God vandag. Ons het 'n ingeteelde Heilige Gees godsdiens nodig, 'n Heilige Gees krag.

78 Waar is God? God is in Sy Kerk, God is in Sy Woord, God is in Sy mense, God is in Sy heelal, Hy's oral. Maar ons kan Hom nie met iets verbaster nie, want Hy sal met niks kruis nie, Hy's God en God alleen. Jy kan Hom nie in vyf of ses verskillende dinge teel, en—en vier of vyf verskillende Gode nie, Hy's God en God alleen, Hy sal nie baster nie, Hy's God.

79 Jy kan nie bemiddeling van heiliges maak, en sê: "*Hierdie* heilige het *dit* gedoen, en *daardie* heilige het *dat* gedoen nie."

80 Nie so-iets nie. "Daar's een Middelaar tussen God en die mens, en dis Christus Jesus," die enigste Middelaar.

81 Wat is dan die probleem met die kerk? As Hy hier op aarde was, wat Hy is, en ons vind die kerk vandag in dieselfde toestand wat Hy het, wat die gebooie van die mens as Doktrine leer, Hy het gesê: "Van die begin af was dit nie so nie." Nou vind ons uit wat dit aan die begin was.

82 Dit herinner my aan eendag toe die, Josef en Maria by die fees was, en hulle begin teruggaan het, en hulle het drie dae ver gereis, en hulle het die Here Jesus gemis, hulle het nie geweet waar Hy was nie. Nou, drie dae sonder om te weet waar Hy was. En toe hulle uitgevind het, het hulle na Hom begin soek. Die kerk het amper tweeduisend jaar aangegaan en weet nie waar Hy is nie. Praat van hulle drie dae!

"O," het hulle net gesê: "miskien, is Hy by ons familie daarbuite, iewers."

83 Dis wat die kerk gedink het: "O, Hy's daar, iewers, as Hy nie by ons Baptiste is nie, sal Hy by die Metodiste wees, en Hy, o, Hy's daar, iewers. Hy's by sommige van ons familie. Julle weet,

ver terug in die verlede daar het ons—ons Metodiste voorvaders gehad, en ons Lutherse voorvaders. . . ”

84 Moet dit nie net ligtelik opneem soos daardie nie, laat ons Hom vind. Waar is die God van die Bybel? Waar is die God wat hierdie beloftes gemaak het? Wie is Hy? Wat is Sy Naam? Waarom kan ons nie dieselfde dinge doen wat hulle destyds daar gedoen het as hulle dit belowe het nie? Waarom is dit dieselfde?

85 Nie lank gelede nie, het ek eekhorings gejag. Ek het my geweer ingestel op vyftig treë. As ek nie die eekhoring se oog kan skiet nie, los ek hom uit. As ek dertig treë van hom af is, gaan ek terug na vyftig, seker te maak dat ek hom kry. En my geweer het uitgegaan, en ek het dit teruggestuur na Winchester Maatskappy, klein, goedkoop geweertjie, hulle het vir my 'n boodskap teruggestuur, gesê: "Eerwaarde Branham, hierdie geweer sal—sal 'n duim groep op vyf-en-twintig treë groepeer. In 'n Model 75 Winchester, is dit al wat jy ooit daaruit sal kry."

86 Ek het beter geweet as dit, ek was onder op die amptelike skietbaan op vyftig treë, agt matspykers daarmee ingeskiet, agtermekaar, en ek het geweet hulle was verkeerd. Sien? En daar was ek, ek het alles gedoen, skroewe losgemaak, en hulle vasgedraai omdat 'n vyf-duisendstes vibrasie *hier* sal dit 'n duim uitgooi oorkant op vyftig treë. En ek het dit met glas ingebed, en die loop gesuspendeer, en alles gedoen wat ek geweet het om te doen.

87 En ek—ek het geweet dieselfde geweer, Gene Goad wat hier sit, my vriend, weet nou die dag het ek agt gesit, nege spykers, nege koeëls in dieselfde gat, op daardie afstand. Maar die maatskappy wat dit gemaak het, het gesê die ding—die ding sal net 'n groep skiet, dis 'n groep, julle weet, skote, van omtrent 'n duim op vyf-en-twintig treë, en hierdie het spykers op vyftig treë ingeskiet.

88 Ek het onder die boom gesit, en daar was Broer Wood en die res van hulle daarbo wat eekhorings geskiet het, hom getref op enige plek waar hulle wou, agter, voor, enige plek, het nie enige verskil gemaak nie, so hulle het die eekhoring getref, 'n lekker tyd gehad. En ek het onder 'n boom gesit, ek het begin huil, en ek het gesê: "Here, waarom het U my 'n klein, senuwee-wrak gemaak. Waarom het U my so gemaak? Waarom kan ek nie daar uitgaan en jag geniet soos hulle, en móét hierdie geweer in 'n supertoestand hê?"

89 Ek het daar gewag vir omtrent 'n halfuur, en op my aangesig gaan lê, en begin huil, die Heilige Gees het na my toe gekom, en gesê: "Ek het jou so gemaak vir 'n doel, dis vir 'n doel. Wanneer een *een* ding sê, en losweg tref soos daardie, kan jy dit nie verduur tensy dit presies tref nie, dit moet in die kol wees, of dis nie reg nie."

Ek het gesê: “Ek sien, Here.” Sien?

90 Net kerkdenominasie is nie genoeg vir my nie. As die Skrifte *een* ding sê, en die kerk leer ’n *ander*, werk dit nie. As Jesus Christus in die apostels gelewe het, en die tekens gedoen het toe Hy hier op aarde was, sal dit dit weer doen as ons gesentreer sal raak. Ons moet gesentreer word! Ek gee nie om wat die kerk sê nie, dit sal *hierdie* of *daardie* groepeer, en: “O, Vader, Seun, Heilige Gees, en al hierdie ander soort goed, en al hierdie geloofsbelydenisse, en dinge; *een* of die *ander* manier is in orde.”

91 Dit is nie reg vir my nie. As die apostels die kol getref het, kan ons ook die kol tref, as ons gesentreer sal raak op God se Woord. Laat ons ondervinding sentreer op Sy Woord, hulle het dit gedoen. As hulle dit gedoen het, waarom kan ons dit nie doen nie? As ons sal sentreer, sal dit dieselfde ding doen.

92 O, die kerk sê: “Solank as wat dit tref, solank jy by die kerk aansluit, handskud met die pastoor, en jou naam op die boek sit, en hierdie geloofsbelydenis opsê, hierdie apostoliese geloofsbelydenis, so watter verskil maak dit?”

Dit maak ’n groot verskil, die Heilige Gees sentreer jou op God se Woord.

93 Jesus, hulle het verwag dat Hy by Sy familie sou wees; dis wat ons verwag het: “O, Hy was by—Hy was by Martin Luther, Hy was by John Wesley, John Smith, Calvyn, Alexander Campbell, of van hulle, Hy was by hulle.”

Dit sal nie werk nie. Is Hy by ons?

94 So, hulle het eendag begin rondkyk. Weet julle waar hulle Hom gekry het? Nie by hulle familie, nie by hulle organisasie, nie by hulle denominasie, nie by diegene wat hulle verwag het Hy sou wees nie.

95 Dis wat ons gedoen het, ons het probeer om ’n herlewing te hê. Billy Graham het die land deurkruis, Jack Shuler, o, baie ander het probeer om ’n herlewing te hê. Wat doen hulle dit? Met intellektuele, al die Baptiste bymekaar te bring, al die Metodiste bymekaar, Presbiteriane bymekaar, hulle almal bymekaar te bring, die organisasies te bring, die leiers te maak, hulle praatjies te gee en hulle aan te spoor, ensovoorts soos daardie, om hande te skud, sal alles reg wees. Dis—dis goed.

Soos die gekleurde man, wat waatlemoen eet, hy het ’n skyf daarvan geëet. Sê: “Hoe was dit, man?”

Sê: “Dit was lekker, maar bietjie *meer* daarvan.”

96 Dis hoe dit vandag is, om bymekaar te kom en hande te skud is goed, maar daar’s ’n bietjie meer daarvan. Amen. Daar’s meer daarvan as dit. Maak nie saak hoeveel intellektueles ons bymekaar kry, wat ons maak nie, die Lewe is nie daar nie, ons moet teruggaan waar ons Christus gelos het.

97 Martha, of, Maria en—en Josef het teruggegaan na waar hulle Hom gelos het. Waar het hulle Hom gelos? By die Pinksterfees, nie by die Lutherse kerk nie, nie by die Metodiste kerk nie, nie by die stigting in—in Engeland nie, nie Calvyn, Knox, Finney nie, daardie manne was goed, ons het Hom nooit gelos aan die begin van ons organisasies nie, ons Hom gelos by die Pinksterfees. Dit is waar die kerk weer moet kom, dis waar julle Hom sal vind, nie in julle kerk nie, nie in julle organisasie nie, nie by julle moeder se godsdiens, julle pappa se godsdiens nie, julle sal Hom vind by die Pinksterfees.

98 *Brrrrr!* Ek weet julle dink ek is mal. Miskien tree ek so op, maar ek voel anders. Kyk, broer, terug na Pinkster. Ons het nou lankal te ver gegaan, ons het Pinkster geneem en dit georganiseer, en dit georganiseer, en dit georganiseer, en dit georganiseer, *hierdie* denominasie gemaak, hare gekloof oor *dit*, *dat*, en die *ander*. Om hande te vat is in orde, dit is nie genoeg nie, laat ons teruggaan na die oorspronklike, teruggaan na die begin, terugkom waar ons dit gelos het. Amen. Luister na my! Ek spreek in die Naam van die Here: Terug na die begin.

"Jy sê ek's 'n Metodis."

"Aan die begin was dit nie so nie."

"Ek is besprinkel."

"Aan die begin was dit nie so nie."

"Ek's 'n Baptis."

"Aan die begin was dit nie so nie."

"Ek's Presbiteriaan."

"Aan die begin was dit nie so nie."

99 Aan die begin, was dit Pinkster, nie 'n organisasie nie, maar 'n Pinksterondervinding wat die Saad van God afgebring het deur die Heilige Gees, mans en vroue in tale laat praat en steier het soos dronk mense, Gees wat in die Kerk werk, tekens en wonders wys.

"Was nie so aan die begin nie."

Jy sê: "Wel, ek behoort aan die groot, heilige kerk."

"Aan die begin was dit nie so nie."

"Ek behoort aan die heilige Roomse. Ek . . . "

"Aan die begin was dit nie so nie." [Leë kol op band—Red.]

100 As dit ooit nog 'n loot voortbring, sal dit 'n Pinksterloot wees. Dit sal dieselfde vrugte hê, dieselfde tekens, dieselfde wonders wat die eerste loot voortgebring het.

Jy sê: "Ek's 'n Lutheraan."

101 "Aan die begin was dit nie so nie." Jy's ingeënt en lewe op die Naam van die Here Jesus wanneer jy nie daardie vrugte dra nie. Die tekens van die gelowiges volg jou nie.

102 "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. En hulle het uitgegaan en oral gepreek, die Here het saam met hulle gewerk, die Woord bevestig met tekens wat gevolg het." Ons het enigiets behalwe dit: "Aan die begin was dit nie so nie." Die manier wat hulle die Heilige Gees aan die begin gekry het, dis hoe ons Dit vandag kry.

Jy sê: "Wel, ek—ek weet nie, ek het, glo ek, miskien, toe ek geglo het ek het die Heilige Gees ontvang."

"Aan die begin was dit nie so nie." Hulle het geglo, en *toe* die Heilige Gees ontvang.

103 Paulus het in Handelinge 19 gesê vir daardie Baptiste daarbo wat daardie bekeerde advokaat as 'n prediker gehad het, Apollos, hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het?"

Wanneer jy sê jy het dit gekry toe jy geglo het, dan: "Aan die begin was dit nie so nie."

Julle sê: "Ek is besprinkel, en ek sê . . . "

"Aan die begin was dit nie so nie."

"Ek het aangesluit . . . "

"Aan die begin was dit nie so nie."

104 Het nooit by enige kerk aangesluit aan die begin nie, hulle is in die Kerk *gebore* aan die begin. En as daardie . . . Dis reg, jy word Daarin gebore. En as hierdie Wynstok ooit nog 'n loot voortbring, sal dit wees, soos 'n loot . . . As die Wynstok ooit nog 'n loot voortbring, sal dit dieselfde soort loot wees waarop Handelinge geskryf is. Dit sal dieselfde Doktrine hê, dit sal dieselfde krag hê, dit sal dieselfde tekens wys, want dis soort van die Kerk wat hulle aan die begin gehad het.

105 Laat ons ophou om onsself te verbaster, laat ons teruggaan na die Woord, soos dit aan die begin was. Hou julle daarvan? Ek lewe daarop.

Laat ons nou met Hom praat wat dit geskryf het, terwyl ons ons hoofde buig.

106 Is daar enige hierbinne vanmôre wat voel asof jy iewers gekruis is, en jy wil hê die Heilige Gees moet inkom vanmôre, deur 'n geboorte?

107 En verbastering was so 'n verskriklike ding in die Ou Testament, Hy het gesê: "'n Basterkind sal nie in die vergadering van die Here ingaan vir tien geslagte nie." Daar's niks om hom uit te teel nie, net daardie sonde. Dink, tien geslagte, vierhonderd jaar voor 'n buite-egtelike kind ooit in die Koninkryk van God kon inkom. Daar was geen serum om vir hom te sorg nie, Hy moes dit net uitteel deur die families. Vierhonderd jaar voor 'n buite-egtelike kind in die gemeente van die Here kon kom.

108 Maar vandag, na die Bloed van Jesus Christus gestort is, en julle gekruisteel is deur allerhande verskillende soorte idees, is die Heilige Gees hier vanmôre om julle terug te teel na die oorspronklike, julle terug te bring na Pinkster, julle terug te teel. En ons sit saam vanmôre in Hemelse plekke in Christus Jesus, laat die Heilige Gees. . . [Leë kol op band—Red.] . . . ?. . . Wat is *besnydenis*? Al die verbastering af te sny, die oortollige, die dinge van die wêreld, die dinge van die kerktydperk, wat ons terugbring na Pinkster, soos dit aan die begin was.

109 Sou julle graag hierdie ondervinding wou ontvang, en 'n gebed wou hê dat julle Dit sou ontvang, en teruggaan na die begin en die einste Lewe van Christus hê wat in jou lewe, wat die tekens voortbring wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was? Sal julle julle hande opsteek vir gebed, net voor ons bid? God seën jou. God seën jou, net hande oral.

110 Genadige Here, ons dank U vanmôre vir U Woord. Dit is skerp, Dit is waar, maar Dit is 'n—'n Swaard. En 'n gekorrigeerde swaard is skerpgemaak. En Dis kragtig, Dis 'n Onderskeier van die gedagtes van, die oorlegginge van die hart. Ons dank U vanmôre vir U Woord, al sny Dit, besny Dit. Dis waarom Dit 'n Swaard is, Dit moet ons besny van al die dinge van die wêreld, en om ons in gemeenskap met U te bring as seuns en dogters van God wat in Hemelse plekke in Christus Jesus sit.

111 God het dit verordineer voor die grondlegging van die wêreld dat ons heilig en sonder blaam voor Hom mag wees, lewe in heiligheid in die sfere van reinheid, wat bely dat ons pelgrims op hierdie aarde is. Ons is vreemdelinge, ons hoort nie hier nie, ons erfdeel is van Bo. Ons sien uit na daardie Stad wat sal kom, wie se Boumeester en Oprigter God is. Ons hoor daagliks en uurliks van daar af, terwyl die seëninge van die Heilige Gees op ons uitstort terwyl ons saam sit en U leer en prys.

112 Ons bid nou vir hierdie hande wat opgesteek is. God, hierdie is die uur van opregtheid, dis die uur wanneer mense, kyk na die aarde, en vrees op hulle vir die dinge wat kom. Hulle wil nie net iets hê wat vlietend is nie, hulle wil iets standvastig hê, hulle wil iets hê wat eg is. En Vader, wanneer hulle hulle lewe sien, waarop hulle ingeënt is, hulle dra nie die vrugte nie, die tekens van die eerste Wynstok is nie in hulle nie, hulle het hulle hande opgesteek, "Here, neem *hierdie* weg, en laat my deur die ware Loot kom."

113 God, ek bid vanmôre dat die Heilige Gees hulle sal terugteel, hulle terugteel van al hulle twyfel dat Jesus genees, die twyfel dat die Heilige Gees net 'n fanatisme is wat opgewerk is, en hulle, soos mense sê Dit is, en laat alle twyfel verdwyn, en weet Dis die salige Here Jesus in ons teenwoordigheid, Hy bewys Homself.

114 En maak die oë van die mense oop, laat hulle nie lewe soos hulle het in die dae van—van die apostels, in die dae van die

profete nie. Geen profeet was kwalik erken deur enigiemand, tot na sy dood nie. Jesus was nie erken nie, baie van die heiliges daarna was nooit erken nie, die Boodskap gaan verby, en hulle mis dit. Hierdie Kerk sal een van hierdie dae weggeraap en weggeneem word, en dan sal hulle skree: "Gee vir my van die Olie," maar dan is daar nie meer om te koop nie. Mag hulle dit nie vanmôre mis nie, Here, maar in nederigheid, mag hulle U soek met hulle hele hart.

115 Nou Vader, ek kan U nie na hulle toe bring, of hulle na U toe nie, ek kan net sê wat U gesê het en die plan wat U gesê het, "Hy wat My Woorde sal hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe." Ek bid, God, dat elke persoon hierbinne sonder die Heilige Gees mag teruggaan na die begin vanmôre. Nie, hoef nie hulle kerk te verlaat nie, net terug te gaan na die begin, en geënt te word, of, nie geënt nie, maar in gebore word. 'n Geënte wynstok wat deur denominasie is, sal nooit staan nie. Ek bid dat hulle gebore sal word in die Gees, in die Wynstok, soos dit aan die begin was.

116 Ek vertrou hulle toe aan U, Vader. Ek bid dat U hulle sal seën deur hierdie dag. Help ons, reinig ons gedagtes en harte. En vanaand, wanneer die biduur vir die siekes voortgaan, mag daar onuitspreeklike krag in ons midde wees, mag daar harte wees wat gereinig is deur die Heilige Gees, alle twyfel en verbouereerdhede weg. Jesus Christus lewe, en Hy's nou by ons. Skenk dit, Here.

117 Seën hierdie kerk, seën Broer Jack, Suster Moore, en—en Anna Jeanne, en Don, en almal wat hier geassosieer word, Broer Lyle, Broer Brown, en baie van hulle, Vader, ek kon hulle nie noem nie, elke prediker, Broer Kidson, al die ander predikers hier, Broer Bootlayer, en die vele wat—wat ons nie eers ken nie.

118 Here, steek ons siele aan die brand. God, laat ons teruggaan, vinnig. Ons praat daaroor, maar praatjies sal nie werk nie, laat ons teruggaan. "Hy wat weet om goed te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde." Dis ongeloof, sonde is ongeloof. Ons glo dit nie as ons dit sê en nie teruggaan nie. Laat ons teruggaan na die begin. Tel die Boodskap op, Here, en gooi Dit uit na die mense. Sien die Heilige Gees weer werk, soos Hy het op die Dag van Pinkster. Verhoor my gebed vir hulle, Vader, in Jesus' Naam, bid ek. Amen.

119 God seën julle. En, julle pastoor.

60-1127M Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org